




UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

1. OORSAAK VAN ROLBLAARSIEKTE

In Suid-Afrika word rolblaar in *Vitis vinifera* in die oorgrote meerderheid van gevalle deur 'n virus genaamd rolblaar-geassosieerde virus 3 (GLRaV-3) veroorsaak wat aan die *Closteroviridae* (Fig. 1) familie behoort.

In Suid-Afrika kom daar 'n aantal variante voor, maar verskille in hulle biologiese eienskappe (erns van simptomeuitdrukking, effektiwiteit van oordrag, oesverliese) is onbekend.

Die variante van GLRaV-3 word gereeld in gemengde, veelvoudige infeksies in wingerdstokke in Suid-Afrika aangetref.

'n Aantal ander virusse, wat bekend staan as rolblaar-geassosieerde virusse -1, -2, -4 en -7, almal in die *Closteroviridae* familie, kan ook rolblaarvirussimptome veroorsaak, maar word selde in die Suid-Afrikaanse wynbedryf teëgekem.


Die variante van GLRaV-3, asook ander virusse (bv. GLRaV-1 en GLRaV-4), kan deur 'n geïntegreerde beheerstrategie beheer word, wat in hierdie bladskrifte voorgestel word.

Dit is moeilik om verskille in simptome van rolblaarsiekte wat deur verskillende variante van GLRaV-3 of ander rolblaar-geassosieerde virusse veroorsaak word, uit te ken

en laboratoriumtoetse word benodig om hierdie besmette stokke te identifiseer.

GLRaV-3 word in Suid-Afrika hoofsaaklik deur die wingerdwitluis (*Planococcus ficus*) oorgedra, maar kan ook deur ander witluise en dopluise oorgedra word.

Wingerd-rolblaarsiekte is tans die belangrikste virussiekte van wingerd in Suid-Afrika.



Figuur 1: Beeld van GLRaV-3 partikels wat onder 'n elektronmikroskoop waargeneem is. (Beeld: G.G.F. Kasdorf, LNR-NIPB)

Hierdie navorsing is befonds deur



Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch
Outeur: Prof Gerhard Pietersen (gpietersen@sun.ac.za)